Hasie Kwassie

GRAAD R & GRAAD RR

Kwetter Letter

NOMMER 6 VAN 2021 : 04/03/2021

| Lees asseblief alle inligting |

1. PERSONEEL BOODSKAP

Ons werk baie hard aan ons leerders se emosionele rypheid en aanleer van vaardighede. Kyk na die assesserings wat u ontvang het en help ook u kleuter tuis.

NB!!! : Kinders moet asseblief geen speelgoed van die huis af skool toe bring nie.

2. Verjaarsdae

- Baie geluk ook aan al ons Hasie Kwassie maatjies wat hul verjaardag in Maart vier! Geniet ‘n dag vol pret!

  NB: Ons weet verjaardae is baie spesiaal, maar ons kan ongelukkig geen verjaardagpakkies, “cupcakes” of enige versnapperinge by die skool toelaat in die tydperk van Covid nie.

3. Buitemuurse aktiwiteite

Maandag	- Playball ; Drama ; Ballet
Dinsdag	- Gholf ; Swem
Woensdag	- Netbal ; Rugby Akademie (**Onthou tekkies**)
Donderdag	- Tennis - (**Onthou tekkies**) ; Swem
Vrydag	- Dance Mouse

Playball	Debbie 082 440 4708	Gholf	Keagan 083 782 7781
Swem	Ellen 082 920 8747	Ballet	Karlien 083 297 5714
Netbal & Rugby Akademie	Venessa 083 660 4707 Dawid 081 575 2682	Tennis	Diaan 071 895 1619
Dance Mouse	Elden 078 998 3688	Drama	Lydia 073 829 0593

Belangrik:
Moedig u kleuter aan om met aktiwiteite aan te hou vir ten minste die jaar, ten einde vaardighede te bemeester.

4. Tema vir die week

08/03/2021 - 12/03/2021

MY LIGGAAM

- **Ek is spesiaal en uniek.**
- **Benoem en tel liggaamsdele.**
- **Ek besef dat ek organe soos hart en longe het, wat noodsaaklik is vir lewe.**

5. Opvoedkundig

5.1 NUUSLÊER

- U ontvang ELKE DONDERDAG u kind se nuuslêer.
- Haal alle dokumente by plakker uit. U wil nie belangrike inligting mis nie - LEES ASSEBLIEF ALLES!
- Stuur die lêer voor of op Maandag terug skool toe.
- U kan ook die Riebie-Klanke en alle inligting op die webwerf, www.riebie.co.za en **d6** lees.

5.2 KOM ONS WORD SLIM

- Speel buite. Hardloop, kruip, rol, spring en balspel is belangrik!
- Beperk TV-speletjies en televisie kyk.
- Moenie op banke en matte lê nie. Ons sit mooi regop, op ‘n stoel!

5.3 OUERONDERHOUDE

- **Datum : 23 Maart (Dogters) / 24 Maart (Seuns)**
- **Tyd : 13:00 – 14:00 en 16:00 – 17:00**
- Slegs per afspraak.
- Om afspraak te maak:
  ‘n Seuns-afspraaklys en ‘n Dogters-afspraaklys, vir elke klas, met tydgleuwe, sal op ‘n staaltafel op die sypaadjie in Armadastraat beskikbaar wees op:
  15 – 18 Maart 2021, vanaf 06:45 – 07:15 en 12:30 – 13:00.

- Vul u kind se naam, by die tydgleuf wat u pas, op die lys in.
- Wees betyds vir die afspraak, hou by 10 minute.
- Ons gesels veral met ons ouers met wie ons nog geen afsprake gehad het nie.

- **Slegs EEN ouer sal toegelaat word. GEEN kinders, asseblief.**
- **Toegang sal verkry word deur die klein hekkie aan die saal se kant in Armadastraat.**
- **Moet asseblief nie voor of na u onderhoud onnodig op die terrein vertoef nie.**
- **Covid prosedures sal in die klas tydens die onderhoud toegepas word.**
- **Daar sal streng by onderhoudstye gehou word.**
- **U samewerking word waardeer.**

5.4 SKOOLURE

- Die laerskool sal weer ten volle begin op Maandag, 8 Maart 2021.
- Ouers, maak asseblief seker van die aflaai- en oplaai punte en wees asseblief betyds.
- Aflaai- en oplaai van leerders vind plaas by hekke soos hieronder gekommunikeer.
- Kom asseblief die verkeersreëls na. Ons stel u en ons kleuters se veiligheid eerste.

KOMMUNIKEER ASSEBLIEF HIERDIE INLIGTING AAN ALLE PERSONE WAT KINDERS KOM AFLAAI VOORSKOOL EN KOM AFHAAL NA SKOOL. DIE VEILIGHEID VAN ONS KINDERS IS VAN KARDINALE BELANG.

- Huidige skoolure vir Hasie Kwassie Pre-Primêr is vanaf 07:30 – 12:30.
- Arriveer vanaf 06:45 – 07:15 sodat daar voldoende tyd is vir covid-roetine by die hekke en die sanitasieproses voordat leerders die klas binnegaan.
- NB: GEEN ouers sal voortaan op die skoolterrein toegelaat word nie.

- **INGANG:**
  Alle Graad R leerders kom in by die klein hekkie in Armadastraat. Groet asseblief u kind by die hekkie, waarna die kleuter dadelik klas toe stap en by Juffrou en die maats aansluit.
  - **Die temperatuur van leerders sal op hul pols geneem word.**

- **UITGANG (12:30):**
  Juffrou Sonja - Klein hekkie in Armadastraat.
  Juffrou Anke - Klein hekkie in Armadastraat.
  Juffrou Lynette - **Motorhek in Armadastraat** *.
  Juffrou Cathy - **Motorhek in Armadastraat *.**

- Onderwysers sal die leerders om 12:30 na die hekke toe vergesel. Ontvang u kind aan die buitekant van die hek.
- Wagklas **vir kleuters met ouer boeties of sussies** (Gr 1–7) is vanaf 12:30 - 14:00. Ouer boeties en sussies moet kleuters sonder versuim kom afhaal sodra die skool sluit. Geen toesig na 14:00. Kleuter sal na naskoolsentrum geneem word en die koste sal van ouers verhaal word. Haal asseblief u kind betyds af.
- GEEN WAGKLAS OP VRYDAE NIE.

BELANGRIK
Leerders ontvang weekliks op 'n Maandag 'n Covid-vorm in hul tassie. Die vorm moet deur ouers voltooi word en op die Dinsdag teruggestuur word. Die invul van die Covid-vorm is VERPLIGTEND.

6. Algemeen

6.1 BELANGRIKE DATUMS

Teken asseblief die volgende belangrike datums in u dagboek aan :

Donderdae	**Nuusboek**
Vrydae	**Nuusboek terug**
11 Maart	Instappie
15-18 Maart	Klaslyste vir oueraande buite op tafel (Ouers maak afsprake)
23 Maart	Oueraand: DOGTERS (13:00 – 14:00 / 16:00 – 17:00)
24 Maart	Oueraand: SEUNS (13:00 – 14:00 / 16:00 – 17:00)

- *Verdere datums en inligting vir die res van die kwartaal sal bygevoeg word in lyn met die aangepaste skoolkalender.*

6.2 KONTAK SKOOL

- Indien ‘n Hasie Kwassie personeellid gekontak moet word, skakel asseblief tussen **10:30 en 11:00** en vra om met u kind se Juffrou te praat.

6.3 AANLEER VAN ‘N BELANGRIKE TELEFOONNOMMER

Slegs Graad R - leeders

- Stuur asseblief alle uitstaande telefoonprentjies terug skool toe.
- Maak seker dat u kind die belangrike telefoonnommer ken (assessering).

6.4 KUNSWEDSTRYD

- Leerders wat gekies is om aan die kunswedstryd deel te neem, het op 25 Februarie 2021, ‘n brief ontvang. Ons vra dat ouers die brief invul en teen môre, 5 Maart 2021, terugstuur.
- Kunswedstryd oefening begin Maandag, 8 Maart 2021, en slegs die leerders wie se briewe met ouer toestemming terugbesorg is, sal mag deelneem.

6.5 BUITESPEL

- Leerders speel op ‘n rotasiebasis op die **netbalbane/rugbyveld**, soos hieronder aangedui.
- Dit is **BAIE BELANGRIK** dat die leerders hul tekkies aan het op die dae wat hulle op die bane speel, aangesien die oppervlak warm is.

MAANDAG & WOENSDAG
Juffrou Sonja en Juffrou Anke se leerders.

DINSDAG & DONDERDAG
Juffrou Lynette & Juffrou Cathy se leerders.

VRYDAG – 5 MAART 2021
Juffrou Lynette en Juffrou Cathy se leerders.

Belangrik: ONTHOU TEKKIES !!!

6.6 INSTAPPIE

- “ENTERACTIVE PRODUCTIONS” poppekas aanbieding.
- **Donderdag, 11 Maart 2021**
- **Kostes:** R30-00
- Covid-regulasies sal toegepas word.
- Stuur asseblief korrekte bedrag in ‘n gemerkte koevert, voor/op 8 Maart 2021.

6.7 BELANGRIKE INLIGTING AAN OUERS

- Stel belang in u kind se dag en vra daarna uit. Stel direkte vrae, in plaas van “Hoe was jou dag?”... of “Wat het jy gedoen?”.
- VOORBEELDE:
  - “Waaroor het julle in die klas gepraat?” - (tema bespreking).
  - “Sing ‘n liedjie, of sê ‘n gediggie wat jy aangeleer het”.
  - “Wat het jy vandag geteken, geverf of geknip?”.
  - “Wat het jy vandag gedoen wat lekker was?”.
  - “Wat is jou maatjies se name?”.
- Verwag van die kleuter om in vol, beskrywende sinne te kommunikeer. Moedig hom/haar aan om goeie, suiwer taalgebruik aan te leer.
- Moedig u kind aan om duidelik te praat en om woorde te vorm met besliste begin- en eindklanke.

6.8 BELANGRIKE HERINNERING – BEHEERLIGGAAMVERKIESING

BEHEERLIGGAAMVERKIESING - 16 MAART 2021

Naas die twee nasionale, provinsiale- en plaaslike verkiesings wat landswyd plaasvind, is dié verkiesing van beheerliggame die derde grootste verkiesing in Suid-Afrika.

Net soos dit in landsbelang belangrik is om tydens algemene verkiesings te stem, is dit belangrik dat ouers, as stemgeregtigdes, in belang van die onderwys van hul kinders moet stem tydens beheerliggaamverkiesings.

Die daarstelling van gehalte-onderrig en -leer is die kern besigheid wat op die skouers van Skoolbeheerliggame rus, en daarom is dit belangrik dat alle ouers hul stemme moet uitbring.

Let daarop dat GEEN ELEKTRONIESE VERKIESINGS MEER MAG PLAASVIND NIE. Dit is ongelukkig ‘n regulasie wat eers baie laat aan skole gekommunikeer is. Die skool het egter aansoek gedoen om ‘n voldag verkiesing te hou. Die aansoek is goedgekeur deur die Departement van Onderwys.

As gevolg van bogenoemde sal die skool genoodsaak wees om die volgende datums vas te maak:

4 Maart 2021
Nominasieproses begin om 08:00. Ouers kan ‘n nominasievorm by Mev. Zelda de Goede in die kantoor kom uitteken – eers vanaf 08:00.

5 Maart 2021
Die nominasievorm moet deur die genomineerde kandidaat, die voorsteller en die sekondant geteken wees en nie later as 13:00 by Mev. Zelda de Goede by die skool se kantoor ingedien word.

Dit is belangrik om kennis te neem dat al drie persone wat die nominasievorm onderteken, geregistreerde ouers van die skool moet wees.

- **16 Maart 2021 - Voldag verkiesing (stemdag) vanaf 06:00 – 18:00 in die skoolsaal.**

Ouers kan dus gedurende die dag, by die skool kom stem.

Die skool moet ‘n stemtotaal van 15% van ons ouergemeenskap bereik, alvorens die verkiesing aanvaar word. Indien ons nie die 15% stemme ontvang nie, moet die verkiesing oorstaan tot 24 Maart 2021.

Hou asseblief ingedagte: Die skool kwalifiseer vir ses beheerliggaam ouerlede, u kan dus slegs vir ses ouers stem.

Stem reëlings en vereistes:

- Ingeskrewe leerders (Graad R – Graad 7) se ouers/voogde is reeds geregistreer. Slegs hierdie ouers/voogde mag stem.
- Ouers kan enige tyd tussen 06:00 en 18:00 op 16 Maart 2021 by die skool in die skoolsaal kom stem.
- U moet asseblief u ID Dokument saambring, sodat die verifikasie proses gedoen kan word.
- Een ouer/voog = Een stem.
- Stem asseblief vir **ses** kandidate.

6.9 RIEBIE KOSKAS

Die Riebies se koskas is leeg. Ons wil groot asseblief weer die vrymoedigheid hê om ons ouers te vra om asseblief hiermee te help, indien moontlik. Ouers kan enige dag, vanaf volgende week, nie-bederfbare produkte saam met u kind skool toe stuur.

Die volgende produkte sal welkom wees, maar u is ook welkom om enige ander nie-bederfbare produkte skool toe te stuur.

“Instant” Mieliemeel, Pasta, Rys, Koffie, Tee, Suiker, Poeiermelk, Blikkies kos (vleis, groentes en vrugte), Smere vir broodjies (Marmite, konfyt ens.), Skoonmaakmiddels en Toiletware.

Byvoorbaat dankie vir u onbaatsugtige hulp – die Riebies kan nie hierdie doen sonder u as ouers nie!

7. Finansies

SKOOLGELDE VIR HASIE KWASSIE BELOOP R1530-00 per maand,
VOORUITBETAALBAAR VIR 12 MAANDE.

GEEN GELDE MAG DEUR ONDERWYSERS ONTVANG WORD NIE, TENSY DIE PRESIESE BEDRAG IN ‘N KOEVERT MET ALLE BESONDERHEDE DUIDELIK OP DIE KOEVERT AANGEDUI, GEPLAAS IS. MOENIE VORMS IN KOEVERT PLAAS NIE.

BANKBESONDERHEDE

Naam	:	LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK
Bank	:	FNB (TJEK REKENING)
Takkode	:	205609
Reknommer	:	62749134243
Verwysing	:	Gr R en Kind se naam & van

- Kontak Me Liesl van Straaten in die finansiële kantoor vir enige navrae.

8. Wagklas

8 Maart 2021 – 12 Maart 2021

12:30 tot 14:00

LOKAAL: Juffrou Cathy se klas

Wagklas roteer van klas tot klas, op weeklikse basis.
Slegs vir leerders met ouer boeties / sussies in Laerskool van Riebeeckpark.

Geen wagklas op Vrydae – Skool sluit 12:30.

SNOEPIE <u>vir Graad R-leerders</u> elke Vrydag.
Snoepie-geld in beursie in skooltas.

LYNETTE | SONJA | CATHY | ANKE | VERUSCHKA